

9

JONA

Ek is gehoorsaam aan God

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God van ons gehoorsaamheid aan Hom verwag.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God verwag gehoorsaamheid van sy kinders.
- wat met Jona gebeur het.

Gesindheid

Die kinders moet gehoorsaam wees aan God.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in hooftrekke kan weergee wat met Jona gebeur het.
- kan opnoem wat gehoorsaamheid aan God beteken.
- kan vertel van die goeie dinge wat die Here vir hulle doen.

MEER INLIGTING (Jona 1: 1-17 en 3: 1-10)

Die mense van die stad Nineve het baie verkeerde dinge gedoen. Die Here het vir Jona gestuur om vir hulle te gaan sê om met hul verkeerde dade op te hou. Jona het nie van Nineve se mense gehou nie, want hulle, die Israeliete en die Assiriese volk, was voorheen groot vyande. In plaas daarvan om na Nineve toe te gaan, klim Jona toe op 'n skip wat op pad was na Tarsis toe. Terwyl hulle op pad was, bring die Here 'n groot storm op die see. Al die mense aan boord van die skip raak toe baie bang. Die matrose het geglo dat hulle gestraf word vir die een of ander sonde wat iemand op die skip gedoen het. Hulle besluit toe om lootjies te trek om die skuldige uit te wys. Die skuldige was Jona. Hulle vra hom toe wat hy verkeerd gedoen het, en

hy vertel aan hulle van sy ongehoorsaamheid aan die Here. Die matrose vra toe verder vir Jona wat hulle moet doen, sodat die storm sal bedaar. Hy sê toe dat hulle hom moet vat en in die see gooi. Nadat hulle dit gedoen het, het die see kalm geraak. Die Here stuur toe 'n groot vis om Jona in te sluk. Vir drie nagte was Jona in die vis se maag. Jona het baie ernstig tot die Here gebed. Na drie nagte het die Here die vis beveel om Jona uit te spoeg.

Die Here het weer vir Jona gesê om na Nineve toe te gaan. Dié keer was Jona gehoorsaam. Hy het die boodskap van die Here aan die mense van Nineve gaan vertel. Die mense het geluister na die boodskap wat Jona gebring het.

Ons moet gehoorsaam wees aan die Here. Liefde vir God en ons medemens is die belangrikste wat die Here van ons verwag. Omdat ons sy kinders is, is sy liefde vir ons baie groot. Ons moet dus met woord en daad getuig van God se liefde.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die CD van Jan de Wet en die Lofkleuters met die liedjie *Jona gaan na Nineve* (opsioneel).
- Vir elke kind 'n blanko kartonboekmerk.
- Bakpoeier, asyn, 'n ballon, 'n eenliterbottel van plastiek, en 'n klein tregtertjie.
- Vir elke kind 'n A4- of A5-papier met klaswerk op die laaste bladsy.
- Vir elke kind 'n briefie soos aan die einde van die les.

KOM ONS BEGIN

Sing Gesang 250: 1 saam of lees dit net voor, en open dan met gebed.

*Gods wet vra al ons liefde vir Hom, ons God en Heer,
en liefde vir ons naaste – dis wat sy Woord ons leer.*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders vertel hoe hul geheimevoorwerpspeletjie afgeloop het.
- Laat hulle die vrae beantwoord wat hulle moes doen:
 - Wat dink jy leer ons uit hierdie speletjie? (*Antwoorde gaan verskil. Iets in die volgende trant is reg: Ons leer dat dit soms moeilik is om die regte dinge te weet en te doen.*)
 - Wie is die lig vir die wêreld? (*Jesus.*)
 - As Jesus die lig in my lewe is, gaan die volgende in my lewe gebeur. (*Ek gaan: bly wees my sonde is vergewe, nie vir enige ding bang wees nie, mense help wat probleme het, ensovoorts.*)
 - Ek gaan soos volg lig bring in iemand anders se lewe. (*Hom of haar vertel dat Jesus ons sonde weggevat het, iemand saam nooi kerk toe, mense help as hulle probleme het, ensovoorts.*)

VANDAG LEER ONS

Vandag gaan ons leer dat ons aan God gehoorsaam moet wees.

BEGIN SO

- Wie van julle moes al iets doen waarvan julle niks gehou het nie maar wat julle geweet het reg is om wel te doen? Laat die kinders vertel. Wat doen jou ouers as jy nie lus voel om met iets te help wat hulle vra nie? Dink jy jou ouers is steeds lief vir jou as jy ongehoorsaam is?
- Speel Jan de Wet en die Lofkleuters se liedjie oor Jona as jy dit het en laat die kinders saamsing as hulle die woorde ken.
- Verduidelik vir hulle dat elke ding wat 'n mens doen, elke aksie, 'n reaksie of 'n gevolg het. As jy sê jy is jammer oor wat jy verkeerd gedoen het, vergewe God jou en gebruik Hy jou om vir Hom te werk. Ons leer dit uit wat met Jona gebeur het.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING en vertel wat met Jona gebeur het.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by die kinders in:

- Die mense van Nineve het verkeerde dinge gedoen.
- Die Here stuur vir Jona om hulle te waarsku.
- Jona is ongehoorsaam en gaan eerder met 'n skip Tarsis toe.
- Die Here het 'n groot storm op die see gebring.
- Die mense het geglo iemand op die skip het sonde gedoen en word nou gestraf.
- Hulle trek lootjies, en Jona word uitgewys.
- Hy erken hy was ongehoorsaam aan die Here.
- Jona is toe in die see gegooi en 'n groot vis het hom ingesluk.
- Die see het kalm geraak.
- Jona het gebid, en die Here het gesorg dat die vis hom na drie dae uitspoeg.
- Die Here het weer vir Jona gesê om na Nineve toe te gaan.
- Jona was gehoorsaam en het die Here se boodskap aan Nineve se mense oorgedra.
- Die mense het geluister en is bekeer.
- In hierdie gebeurtenis leer ons –
 - ons moet die Here gehoorsaam.
 - die Here verwag van ons liefde vir Hom en vir ons medemens.
 - ons moet aan almal vertel van God se groot liefde.

IETS OM TE DOEN

- Vra die kinders hoe hulle die vorm van die onopgeblaaide ballon sal kan verander. Lei hulle om te sê 'n mens moet dit opblaas.
- Sê vir hulle dat jy vandag iets gaan doen wat onmoontlik klink – jy gaan die ballon opblaas sonder om jou mond of lug uit jou longe te gebruik.
- Vra of hulle aan 'n manier kan dink om dit te doen.
- Sê hulle moet mooi kyk wat jy doen:
 - Vra twee vrywilligers om jou te help om met behulp van die tregter een eetlepel bakpoer in die onopgeblaaide ballon te gooi.


- Vul die plastiekbottel kwartpad met asyn.
- Plaas die opening van die ballon oor die nek van die bottel, sodat die bakpoeier in die asyn val.
- Die ballon sal stadig begin opblaas.
- Gaan voort met die gesprek en beklemtoon die volgende: Het jy ooit kon dink dat die bakpoeier en die asyn die ballon sou laat opblaas? Ek is seker bakpoeier en asyn het nooit kon droom dat hulle daarvoor gebruik sou word nie! Dalk het jy ook nooit gedink dat God jou kan gebruik om vir Hom te werk nie. Soms gebruik God ander maniere as waaraan ons gedink het om deur ons met ander mense te werk.
- Gee vir elke kind die bladsy met die klaswerk.
- Laat hulle die opdragte daarop in die klas voltooi.
- Neem die papiere in en gee elke kind se papier vir 'n ander kind.
- Merk die werk en bespreek dit in die klas.
- Die volgorde van die Jona-gebeure is:

3	So het God vir Jona gestraf.
1	God stuur vir Jona na Nineve, maar hy wil Tarsis toe gaan.
2	Jona word in die see gegooi en die storm bedaar.
4	Die Here stuur 'n groot vis om Jona in te sluk.
6	God vergewe Jona, en die vis spog hom na drie nagte uit.
5	Jona bid tot God en bely sy ongehoorsaamheid.
7	God stuur weer vir Jona na Nineve, want Hy het alle mense lief.
9	Die mense van Nineve luister na God se woord en kom tot bekering.
8	Jona verkondig God se woord aan die mense van Nineve.

- Die aksies en gevolge in kolomme A en B word soos volg verbind:

**A
AKSIE**

**B
GEVOLG**



BY DIE HUIS

Doen

- Gee vir elke kind 'n blanko kartonboekmerk.
- Laat hulle die volgende gaan doen:
 - Hul ouers vra om die verhaal van Jona voor te lees uit die Bybel of laat hulle dit self lees.
 - Op die karton 'n boekmerk maak soos die een in hul boek. Hulle kan dit versier soos hulle wil.

- Met die volgende les moet hulle die boekmerk saambring.
- Vir hul ouers of iemand vertel van die goeie dinge wat die Here vir hulle doen.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die mense van Nineve het verkeerde dinge gedoen.
- Die Here stuur vir Jona om hulle te waarsku.
- Jona is ongehoorsaam en gaan eerder met 'n skip Tarsis toe.
- Die Here het 'n groot storm op die see gebring.
- Jona erken hy was ongehoorsaam aan die Here.
- Jona is toe in die see gegooi en 'n groot vis het hom ingesluk.
- Jona het gebid, en die Here het gesorg dat die vis hom na drie dae uitspoeg.
- Jona was gehoorsaam en het die Here se boodskap aan Nineve se mense oorgedra.
- Die mense het geluister en is bekeer.
- In hierdie gebeurtenis leer ons –
 - ons moet die Here gehoorsaam.
 - die Here verwag van ons liefde vir Hom en vir ons medemens.
 - ons moet aan almal vertel van God se groot liefde.

AFSLUITING

Sluit af met die volgende gebed. Die kinders herhaal die sinsnedes.

*Ons Vader wat in die hemel is,
 maak ons asseblief altyd aan U gehoorsaam.
 Help ons om ook goed te doen aan ander mense
 al is dit nie altyd vir ons lekker nie.
 Ons is jammer oor al die verkeerde dinge wat ons doen.
 Vergewe ons asseblief, Here.
 Dankie dat ek aan U behoort.
 Amen.*

Belangrik:

Nooi die ouers na volgende week se klas met 'n briefie wat jy vir die kinders gee om huis toe te neem.

Liewe ouers en kinders

Volgende keer gaan die ouers en kinders die kategese saam bywoon. Dit gaan baie spesiaal wees en ons gaan saam gesels oor ons talente. Probeer asseblief om teenwoordig te wees. Bring asseblief ook ou tydskrifte saam.

LES 9

KLASWERK

Naam:

Skryf die volgorde van die Jona-gebeure korrek neer deur die syfers 1 tot 9 in die blokkies aan die linkerkant in te vul.

	So het God vir Jona gestraf.
	God stuur vir Jona na Nineve, maar Jona wil Tarsis toe gaan.
	Jona word in die see gegooi en die storm bedaar.
	Die Here stuur 'n groot vis om Jona in te sluk.
	God vergewe Jona, en die vis spoeg hom na drie nagte uit.
	Jona bid tot God en bely sy ongehoorsaamheid.
	God stuur weer vir Jona na Nineve, want Hy het alle mense lief.
	Die mense van Nineve luister na God se woord en kom tot bekering.
	Jona verkondig God se woord aan die mense van Nineve.

Verbind die aksie in kolom A met die gevolg in kolom B. Gebruik verskillende kleure kryt en 'n liniaal.

A AKSIE

My huiswerk is nie gedoen nie

Ek het nie vir my toets geleer nie

Ek het nie my teks gememoriseer nie

Mamma het gesê ek moet die fiets bêre

B GEVOLG

Ek kry swak punte

Ek kan dit nie vir my klas opsê nie

Die skelm het dit gesteel

Juffrou straf my